MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

PRYS: S.A. 20c Plus 2c A.V.B. OORSEE: 30c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

PRICE: S.A. 20c Plus 2c G.S.T. OVERSEAS: 30c

VOL. 229 PRETORIA, 6 FEBRUARIE 6 FEBRUARY 1985 No. 4366

## ALGEMENE KENNISGEWING

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

KENNISGEWING 176 VAN 1985

**ADVERTERING VAN VAKANTE ONDERWYSPOSTE**

**1. Datum van Vulling van Vakante Poste**

**1.1 Datum waarop aanstelling in werking tree:**

Poste ten opsigte waarvan die voordeel wat met die nuwe diensbedelingstruktuur wat op 1 Oktober 1984 in werking getree het —

(a) nie benut is nie.

Opvoeders word met terugwerkende krag tot 1 Oktober 1984 bevorder.

(b) reeds benut is by wyse van die vulling daarvan in 'n waarnemende hoedanigheid.

Opvoeders word bevorder vanaf 'n datum volgende op die datum waarop die waarneming beëindig word.

(c) reeds benut is maar waar die poste sedertdien vakant geraak het.

Opvoeders word aangestel vanaf die datum wat volg op die datum waarop die pos ontruim word.

**1.2 Datum van diensaanvaarding:**

(a) Opvoeders in diens van die Departement moet aan die begin van die 2de termyn 1985 of so spoedig moontlik daarna diens aanvaar maar nie later nie as die begin van die derde termyn 1985.

(b) Persone nie in diens van die Departement: moet diens aanvaar op 1 Julie 1985 of die openingsdag van die kollege-skole vir die derde termyn 1985.

**2. Sluitingsdatum van Aansoeke**

**2.1 BEVORDERINGSPOSTE:**

Die aansoeke sluit op 13 Februarie 1985 en moet by enige van die Departement se streekkantore waarvan die adresse soos volg is, ingehandig wees nie later nie as 16h00 op hierdie datum.

(a) Streekkantoor Pretoria. H/v Pretorius- en Potgieterstraat, Pretoria.

(b) Streekkantoor Johannesburg. H/v Melle- en Hoofdstraat, Braamfontein.

(c) Streekkantoor Krugersdorp. H/v Commissioner- en Boshoffstraat, Krugersdorp.

(d) Streekkantoor Alberton. Van Riebeecklaan 41, Alberton.

(e) Streekkantoor Potchefstroom. Van der Hoffweg 90, Potchefstoom.

(f) Streekkantoor Pietersburg. H/v Grobler- en Markstraat, Pietersburg.

(g) Streekkantoor Boksburg. H/v East- en Montagustraat, Boksburg.

(h) Streekkantoor Middelburg. Langstraat 23, Middelburg.

**2.2 GEWONE ONDERWYSPOSTE:**

Die aansoeke t.o.v. gewone onderwysposte sluit op 27 Februarie 1985 en moet die betrokke persoon soos in paragraaf 4(2)b genoem nie later nie as 16h00 op hierdie datum bereik.

**3.(a) Inligting deur Voornemende Applikante om Bevorderingsposte**

**3.1 Voornemende applikante wat reeds TOD 486 spesiaal by TOD-inrigtings ingevul het, vul nie die gewone TOD 486 in nie.**

## GENERAL NOTICE

TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

NOTICE 176 OF 1985

**ADVERTISING OF VACANT TEACHING POSTS**

**1. Date of Filling of Vacant Posts**

**1.1 Date on which appointment comes into effect:**

Posts where the advantage of the new structure for education which came into effect on 1 October 1984 —

(a) was not utilized.

Educators are promoted as from a date back-dated to 1 October 1984

(b) has been utilized in the form of a temporary appointment in an acting capacity.

Educators are promoted with effect from a date following the date of termination of the appointment in an acting capacity.

(c) has already been utilized, but the post has since become vacant.

Educators are appointed from the date which follows that on which the post was vacated.

**1.2 Date of commencement of duty:**

(a) Educators in the service of the Department must assume duty at the beginning of the second term 1985 or as soon as possible thereafter, but not later than the beginning of the third term 1985.

(b) Persons not in the service of the Department must assume duty on 1 July 1985 or on the opening day of colleges/schools for the third term 1985.

**2. Closing date of Applications**

**2.1 PROMOTION POSTS:**

The applications close on the 13 February 1985 and must be submitted not later than 16h00 on that date, to any of the Regional Offices of the Department as listed below.

(a) Regional Office Pretoria. Cnr Pretorius and Potgieter Streets, Pretoria.

(b) Regional Office Johannesburg. Cnr Melle and Hoofd Streets, Braamfontein.

(c) Regional Office Krugersdorp. Cnr Commissioner and Boshoff Streets, Krugersdorp.

(d) Regional Office Alberton. 41 Van Riebeeck Avenue, Alberton.

(e) Regional Office Potchefstroom. 90 Van der Hoff Road, Potchefstroom.

(f) Regional Office Pietersburg. Cnr Grobler and Mark Streets, Pietersburg.

(g) Regional Office Boksburg. Cnr East and Montagu Streets, Boksburg.

(h) Regional Office Middelburg. 23 Lang Street, Middelburg.

**2.2 ORDINARY TEACHING POSTS:**

The applications with regard to ordinary teaching posts close on 27 February 1985 and must reach the person concerned as mentioned in paragraph 4(2)b not later than 16h00 on that date.

**3.(a) Information by Prospective Applicants for Promotion Posts**

**3.1 Prospective applicants who have already completed TED 486 special at TED institutions do not complete the ordinary TED 486.**

**3.2 Ander voornemende applikante moet asseblief VORM TOD 486 (INLIGTING OOR VOORNEMENDE APPLIKANTE OM BEVORDERINGSPOSTE) VOLTOOI EN IN 'N APARTE KOEVERT aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria 0001 stuur om hom nie later nie as 6 Februarie te bereik, of by 'n plaaslike streekkantoor inhandig.**

**3.(b) Voornemende applikante wat vir poste verbonde aan onderwyskolleges aansoek doen (poste van rektor/vise-rektor uitgesluit).**

**Die vorm waarop inligting verlang word van applikante om poste van dosent/senior dosent/departementshoof/mede-departementshoof by onderwyskolleges, is by die Registrateur van die onderwyskollege verkrygbaar.**

**4. Aansoeke en Lyste van Aansoeke: Prosedure**

**4.1 Wyse waarop aansoek gedoen moet word**

(a) Afsonderlike aansoeke moet in tweevoud vir elke vakature op vorm TOD 487 ingedien word wat spesiaal vir dié doel beskikbaar is en by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrygbaar is.

(b) Die posnommer van die vakature waarom aansoek gedoen word, moet in die toepaslike ruimte ingevul word. Die verwysnommer verskyn teenoor die vereistes vir elke pos. As gevolg van die toenemende gebruik van die rekenoutomaat in verband met die saak **is dit noodsaaklik dat hierdie nommer volledig en akkuraat aangedui word.**

(c) Alle dokumente ten opsigte van elke aansoek moet aan vorms TOD 487 geheg word alvorens dit aangestuur word.

(d) Afskrifte van getuigskrifte moet by elke afsonderlike aansoek aangeheg word. (Oorspronklike getuigskrifte kan nie terugbesorg word nie.)

(e) Applikante moet hul privaat adresse en telefoonnommers (indien enige) op vorms TOD 487 verstrek.

(f) Die woord "Aansoeke" moet op die koevert waarmee aansoeke aangestuur word, aangebring word.

(g) Aansoeke moet van die vereiste posseëls voorsien wees. (Daar word aan die hand gedoen dat aansoeke per geregistreerde pos versend word.)

(h) Applikante mag 'n geadresseerde gefrankeerde koevert by elke aansoek insluit sodat die rektor/hoof onsuksesvolle applikante van die uitslag kan verwittig sodra hy deur die Departement daarvan in kennis gestel word.

**4.2 Aan wie aansoek gerig moet word**

(a) Bevorderingsposte:

Die aansoeke moet (na gelang van die geval) by een van die volgende ingedien word:

In die geval van poste by onderwyshulpdienste, onderwyskolleges en skole moet

- **applikante in diens van die TOD** aansoeke indien by die plaaslike Streekhoof;
- **ander applikante** aansoeke indien by die Streekhoof of by die Voorsitter, Keurraad, Kamer A403, TPA-gebou (posadres Privaatsak X76, Pretoria, 0001).

(b) Gewone Onderwysposte:

In die geval van gewone onderwysposte — aan die hoof van die betrokke inrigting.

**4.3 Indiening van Lyste van Aansoeke**

(a) In alle gevalle waar aansoeke om geadverteerde onderwysposte gedoen word, selfs al word daar slegs om een pos aansoek gedoen, moet applikante die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001, voorsien van 'n lys van al die poste waarvoor aansoek gedoen is.

(b) Die voorgeskrewe vorm TOD 575 moet vir dié doel gebruik word. Die vorms is by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrygbaar.

(c) Die lys moet die Departement bereik nie later nie as die voorgeskrewe sluitingsdatum van die aansoek (paragraaf 2).

**Let Wel:—**

(i) Die voorkeurorde van slegs die eerste en tweede poste wat op die lys verskyn, sal, waar moontlik, in aanmerking geneem word. Indien die poste alreeds gevul is, sal applikante oorweeg word vir aanstelling in enige van die ander poste waarvoor hulle aanbeveel is. Die Departement behou egter die reg om 'n applikant in enige van die poste waarvoor aansoek gedoen is, aan te stel.

(ii) Geen wysigings van die lys van aansoeke sal aanvaar word nie, behalwe waar omstandighede mag ontstaan

**3.2 Other prospective applicants must please complete FORM TED 486 (INFORMATION ON PROSPECTIVE APPLICANTS FOR PROMOTION POSTS) AND FORWARD IT IN A SEPARATE ENVELOPE to reach the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria 0001 not later than 6 February or submit it to a regional office.**

**3.(b) Information by prospective applicants for posts at colleges of education (excluding posts of rector/vice-rector).**

**The form on which information is required from applicants for posts of lecturer/senior lecturer/head of department/associate-head of department at colleges of education is obtainable from the Registrar of the college of education.**

**4. Applications and Lists of Applications: Procedure**

**4.1 Manner of applying**

(a) Separate applications must be submitted in duplicate for each vacancy on form TED 487, which is provided specially for this purpose and is obtainable at school board offices, schools and colleges of education.

(b) The post number of the vacancy for which application is made must be inserted in the appropriate space. The reference number appears opposite the requirements for each post. In view of the increasing use of the computer, **it is essential that this number be furnished fully and accurately.**

(c) All documents concerning each application must be attached to forms TED 487 before being forwarded.

(d) Copies of testimonials must be attached to each separate application. (Originals of testimonials cannot be returned).

(e) Applicants must furnish their private addresses and telephone numbers (if any) on forms TED 487.

(f) The envelope in which applications are forwarded must be marked "Applications".

(g) Applications must bear the necessary postage. (It is suggested that applications be forwarded by registered post).

(h) Applicants may include a franked addressed envelope with each application in order that unsuccessful candidates may be notified by the rector/principal of the outcome as soon as he has been informed by the Department.

**4.2 To whom applications should be directed**

(a) Promotion Posts:

The applications must be submitted (as the case may be) to one of the following:—

In the case of posts in the educational ancillary services, colleges of education and schools

- **applicants in the service of the TED** must deliver applications to the local Regional Head.
- **other applicants** must deliver applications to either the Regional Head, or to the Chairman, Selection Board, Room A403, TPA Building (postal address Private Bag X76, Pretoria, 0001).

(b) Ordinary Teaching posts:

In the case of ordinary teaching posts — to the principal of the institution concerned.

**4.3 Submission of Lists of Applications**

(a) In all cases where application is made for advertised teaching posts, even if only one post is applied for, applicants must furnish the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria 0001, with a list of all the posts applied for.

(b) The prescribed form TED 575 must be used for this purpose. The forms are obtainable from school board offices, schools and colleges of education.

(c) The list must reach the Department not later than the prescribed closing date of the applications (paragraph 2).

**Note:—**

(i) The order of preference of only the first and second posts appearing on the list will, where possible, be taken into account. If these posts have already been filled, applicants will be considered for appointment to any of the other posts for which they have been recommended. The Department reserves the right, however, to appoint an applicant to any of the posts applied for.

(ii) No amendments of the list of applications will be accepted except where circumstances may have arisen

het wat dit noodsaaklik maak dat bepaalde aansoeke gekanselleer word. In sodanige uitsonderlike gevalle sal die Departement bereid wees om ten volle gemotiveerde vertoë te oorweeg.

(iii) Versuim om die vereiste lys van aansoeke in te dien veroorsaak nie slegs vertraging in die afhandeling van die keuring en aanstelling van applikante nie, maar mag ook tot gevolg hê dat die betrokke applikante nie oorweeg word vir poste waarvoor hulle aansoek gedoen het nie.

**5. Aanwending van dienste van suksesvolle applikante**

Die aandag van applikante word daarop gevestig dat —

(i) die Departement 'n onderwyser kan aanstel in enige vakature waarom hy aansoek gedoen het en waarvoor sy kwalifikasies hom geskik maak, en dat 'n skoolhoof van 'n onderwyser se dienste gebruik kan maak in enige hoedanigheid wat beskou word as in belang van die onderwys.

(ii) iedere onderwyser, indien die rektor/hoof van die provinsiale onderwysinrigting waaraan sodanige onderwyser verbonde is, hom daartoe versoek, sodanige aandeel moet neem aan die organisasie van en toesig hou oor die biblioteek, sport, uitstappies, kadetafdelings en ander buitemuurse bedrywighede van sodanige provinsiale onderwysinrigting, as wat die rektor/hoof van hom mag verlang.

**6. Kansellering van Aanstelling**

Versoeke dat 'n aanstelling in 'n permanente hoedanigheid wat reeds gemaak is, gekanselleer word, sal slegs in uiters buitengewone omstandighede oorweeg word.

**7. Inwoning in 'n Provinsiale Koshuis**

Van suksesvolle applikante kan vereis word om in 'n provinsiale koshuis diens te doen. In hierdie geval sal die gewone bedrag vir losies in rekening gebring word en sal 'n toelae vir die diens gelewer, betaal word.

**8. Poste waaraan 'n Onderwyserswoning verbonde is**

(1) Onderwysers wat in poste waaraan 'n onderwyserswoning verbonde is, aangestel word, moet die huurgeld vir die woning betaal asook die huurvoorwaardes wat op die woning van toepassing is, nakom ingevolge die regulasies opgestel kragtens die bepalings van die Onderwysordonnansie, 1953, soos gewysig.

(2) Normaalweg word dit in die advertensie aangedui indien 'n onderwyserswoning aan 'n pos verbonde is, en die waardasie van die woning, asook inligting oor bykomstige heffings of kortings aangaande die huur, kan van die Skoolraadsekretaris verkry word.

**9. Registrasie van Applikante**

(1) Niemand word aangestel nie wat versuim om aan die Departement 'n opgaaf op vorm TOD 1 te stuur van sy of haar onderwyservaring en kwalifikasies, gestaaf deur afskrifte van sertifikate en getuigskrifte wat as ware afskrifte van die oorspronklikes deur 'n Kommissaris van Ede gewaarmerk is. Die persoon wat hierdie dokumente waarmerk, moet meld dat hy dit in sy hoedanigheid van Kommissaris van Ede doen.

(2) Hierdie bepaling het nie betrekking op dienende onderwysers nie. Indien sodanige onderwysers egter in besit is van sertifikate en/of getuigskrifte wat nog nie by die Departement geregistreer is nie, word hulle versoek om afskrifte daarvan op die voorgeskrewe wyse vir registrasiedoeleindes in te dien.

(3) Registrasievorms (TOD 1) is by Skoolraadskantore en by die Departement verkrygbaar.

**10. Registrasie by S.A. Onderwysersraad vir Blankes**

(1) Suksesvolle applikante moet ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes 1976 (Wet 116 van 1976) as lede van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes registreer.

(2) Die nodige aansoekvorms is beskikbaar by die Registrateur, Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, Kingsleysentrum, 7de Verdieping, h/v Kerk-, Beatrix- en Pretoriusstraat, Privaatsak 26251, Arcadia, Pretoria, 0007.

**11. Kwalifiserende Vereiste vir Aanstelling**

(1) Om vir aanstelling in enige van die geadverteerde poste in aanmerking geneem te word, moet kandidate die kwalifikasies vir sodanige poste besit, soos uiteengesit in die Aanstellings- en Diensvoorwaaderegulasies vir Inspekteurs van Onderwys aangestel ingevolge artikel 5 van die Onderwysordonnansie, 1953, soos gewysig, wat nie lede van die Staatsdiens van die Republiek is nie, en vir Onderwysers genoem in Hoofstuk V van die Onderwysordonnansie, 1953, soos ge-

which make it imperative that specific applications be cancelled. The Department will in such exceptional cases be prepared to consider fully justified representations.

(iii) Failure to submit the required list of applications not only causes delay in dealing with the selection and appointment of applicants, but may also result in the applicants concerned not being considered for posts for which they have applied.

**5. Utilizing Services of Successful Applicants**

The attention of applicants is drawn to the fact that —

(i) the Department may appoint a teacher to any vacancy for which he has applied and for which he holds suitable qualifications and that a principal of a school may make use of the services of a teacher in any capacity which is in the interests of education.

(ii) any teacher, if so requested by the rector/principal of the provincial educational institution to which such teacher is attached, must participate in the organisation and supervision of the library, sport, excursions, cadet corps and other extramural activities of such provincial educational institutions as the rector/principal may require of him.

**6. Cancellation of Appointments**

Requests to cancel an appointment in a permanent capacity which has already been made will be considered only under very exceptional circumstances.

**7. Residence in a Provincial Hostel**

Successful applicants may be required to supervise in a provincial hostel. If resident, the usual charges will be made for board and lodging and an allowance will be paid for services rendered.

**8. Posts to which Teachers' Quarters are attached**

(1) Teachers appointed to posts to which teachers' quarters are attached must pay the rent for such quarters and must comply with the conditions of tenancy applicable to such quarters in terms of the regulations framed in accordance with the Education Ordinance, 1953, as amended.

(2) Normally the advertisement indicates if teachers' quarters are attached to a post and the valuation of the quarters as well as information on additional moneys payable or levied regarding the rent can be obtained from the School Board Secretary.

**9. Registration of Applicants**

(1) No candidate will be appointed who has failed to submit to the Department a statement on form TED 1 of his or her teaching experience and qualifications, supported by copies of certificates and testimonials certified as true copies of the originals by a Commissioner of Oaths. The person who certifies these documents must state that he does so in his capacity as a Commissioner of Oaths.

(2) This provision is not applicable to teachers in service. If such teachers are, however, in possession of certificates and/or testimonials which have not been registered with the Department, they are required to submit copies thereof for registration in accordance with the prescribed procedure.

(3) Registration Forms (TED 1) are obtainable from School Board Offices and from the Department.

**10. Registration with S.A. Teachers' Council for Whites**

(1) Successful applicants are required in terms of the South African Teachers' Council for Whites Act 1976, (Act 116 of 1976), to register as members of the South African Teachers' Council for Whites.

(2) Application forms may be obtained from the Registrar, South African Teachers' Council for Whites, Kingsley Centre, 7th Floor, cnr Church, Beatrix and Pretorius Streets, Private Bag 26251, Arcadia, Pretoria 0007.

**11. Qualifications required for Appointment**

(1) To qualify for appointment to any of the posts advertised, candidates must possess the qualifications for such posts, as set out in the Regulations prescribing the Conditions of Appointment and Service of Inspectors of Education appointed in terms of section 5 of the Education Ordinance, 1953, as amended, who are not members of the Public Service of the Republic, and of Teachers referred to in Chapter V of the Education Ordinance, 1953, as amended; and any appoint-

wysig. en enige aanstelling sal aan die bepalings van genoemde Ordonnansie en Regulasies onderworpe wees.

(2) Die kwalifikasies en ervaring vir bepaalde poste vereis, is in paragraaf 13 hieronder uiteengesit.

(3) Applikante moet burgers van die Republiek van Suid-Afrika wees (Hierdie vereiste is nie van toepassing op onderwysers wat alreeds in 'n permanente hoedanigheid in diens van die Departement is nie) en moet 'n sertifikaat van goeie gesondheid voorlê.

**12. Pogings om tussenkoms te verkry met betrekking tot Aanstellings**

Pogings om tussenkoms van enige bron te verkry met betrekking tot aanstellings, bevorderings of verplasings word as 'n diskwalifikasie beskou. (Artikel 89(b) van die Onderwysordonnansie, 1953, soos gewysig.)

**13. Kwalifikasies vereis van 'n onderwyser vir aanstelling in 'n permanente hoedanigheid**

Die minimum kwalifikasies wat van applikante vereis word vir aanstelling in die diens van die Departement in 'n permanente hoedanigheid aan 'n provinsiale onderwysinrigting en 'n onderwyshulpdiens in enigeen van die verskillende grade van poste, is soos volg:

**A — Pos van Rektor**

Onderwyskollege —

(a) 'n goedgekeurde meestersgraad;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(c) tien jaar werklike onderwyservaring.

**B — Pos van Hoof**

**(a) Gekompliseerde Skool**

(i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;

(iii) 'n tweede graad of verdere diploma in onderwysbestuur; en

(iv) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie E: sewe jaar

Kategorie F: ses jaar

Kategorie G: vyf jaar

**(b) Enige sekondêre skool, veldskool, spesiale skool, die Kliniekskool Potgietersrus en die Normanhuis Skool —**

(1) Graad S1

(i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(iii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie D: agt jaar

Kategorie E: sewe jaar

Kategorie F: ses jaar

Kategorie G: vyf jaar

(2) Graad SII

(i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(iii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie D: sewe jaar

Kategorie E: ses jaar

Kategorie F: vyf jaar

Kategorie G: vier jaar

**(c) Primêre skole**

(1) Graad P1

(i) kwalifikasies wat vir indeling in minstens Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

ment will be subject to the provisions of the above-mentioned Ordinance and Regulations.

(2) The qualifications and experience required for particular posts are set out in paragraph 13 hereunder.

(3) Applicants must be citizens of the Republic of South Africa (This requirement is not applicable to teachers who are already in a permanent capacity in the service of the Department) and they must produce a certificate of good health.

**12. Attempts to secure intervention in Appointments**

Any attempt to secure intervention in appointments, promotions or transfers will be regarded as a disqualification. (Section 89(b) of the Education Ordinance, 1953, as amended.)

**13. Qualifications required of a teacher for appointment in a permanent capacity**

The minimum qualifications required for appointment in the service of the Department in a permanent capacity at a provincial educational institution and an educational ancillary service in the following grades of posts shall be as follows:

**A — Post of Rector**

College of Education —

(a) an approved master's degree;

(b) a recognized professional teaching qualification; and

(c) ten years' actual teaching experience

**B — Post of Principal**
**(a) Complex School**

(i) an approved bachelor's degree;

(ii) a recognized professional teaching qualification;

(iii) a second degree or further diploma in the management of education; and

(iv) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category E: seven years

Category F: six years

Category G: five years

**(b) Any secondary school, veld school, special school, the Clinic School Potgietersrus and Norman House School —**

(1) Grade SI

(i) an approved bachelor's degree;

(ii) a recognized professional teaching qualification; and

(iii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category D: eight years

Category E: seven years

Category F: six years

Category G: five years

(2) Grade SII

(i) an approved bachelor's degree;

(ii) a recognized professional teaching qualification; and

(iii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category D: seven years

Category E: six years

Category F: five years

Category G: four years

**(c) Primary schools**

(1) Grade PI

(i) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: nege jaar

Kategorie D: agt jaar

Kategorie E: sewe jaar

Kategorie F: ses jaar

Kategorie G: vyf jaar

(2) Graad PII

(i) kwalifikasies wat vir indeling in minstens Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: agt jaar

Kategorie D: sewe jaar

Kategorie E: ses jaar

Kategorie F: vyf jaar

Kategorie G: vier jaar

(3) Graad PIII

(i) kwalifikasies wat vir indeling in minstens Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: sewe jaar

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

(4) Graad PIV

(i) kwalifikasies wat vir indeling in minstens Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: ses jaar

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

**(d) Preprimêre skole**

(1) Graad PIII

(i) kwalifikasies wat vir indeling in minstens Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele preprimêre onderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasies; en

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: sewe jaar

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

Vanaf 1988

(i) erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende onderwysdiploma insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie D vereis word; en

(ii) minimum onderwyservaring:—

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: nine years

Category D: eight years

Category E: seven years

Category F: six years

Category G: five years

(2) Grade PII

(i) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: eight years

Category D: seven years

Category E: six years

Category F: five years

Category G: four years

(3) Grade PIII

(i) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: seven years

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

(4) Grade PIV

(i) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional qualification; and

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: six years

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

**(d) Pre-primary schools**

(1) Grade PIII

(i) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional pre-primary school teaching qualification or other equivalent qualifications; and

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: seven years

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

As from 1988

(i) recognized appropriate qualifications which include a recognized teaching diploma and meet the requirements for classification into at least Category D; and

(ii) minimum teaching experience:—

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

(2) Graad PIV

(i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele preprimêre onderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasie; en

(ii) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie C: ses jaar

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

**C — Pos van Vise-rektor**

Onderwyskollege —

(a) 'n goedgekeurde meestersgraad;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(c) tien jaar werklike onderwyservaring.

**D(1) — Pos van Senior Adjunk-hoof: Sekondêre Skool**

(a) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(c) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie D: sewe jaar

Kategorie E: ses jaar

Kategorie F: vyf jaar

Kategorie G: vier jaar

**(2) Pos van Adjunk-hoof**

**Enige sekondêre skool,** Potgietersrus Kliniekskool, 'n spesiale skool en enige pos van onderwyser verbonde aan 'n onderwyshulpdiens wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van adjunk-hoof (sekondêre skool) —

(a) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

(c) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

**(3) Pos van Adjunk-hoof in die tegniese studierigting**

(a) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; of

(c) 'n toepaslike kwalifikasie vir indeling in Kategorie E; en

(d) die volgende werklike onderwyservaring volgens Kategorie-indeling:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

**(4) Pos van Adjunk-hoof: Primêre skool**

Enige primêre skool en enige skool wat aldus gegradeer is en enige pos van onderwyser verbonde aan 'n onderwyshulpdiens wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van adjunk-hoof (primêre skool) —

(a) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(b) die volgende werklike onderwyservaring volgens kategorie-indeling:—

(2) Grade PIV

(i) qualifications required for classification into Category C, including a recognized professional pre-primary school teaching qualification, or other equivalent qualifications; and

(ii) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category C: six years

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

**C — Post of Vice Rector**

College of Education —

(a) an approved master's degree;

(b) a recognized professional teaching qualification; and

(c) ten years' actual teaching experience.

**D(1) — Post of Senior Deputy Principal: Secondary School**

(a) an approved bachelor's degree;

(b) a recognized professional teaching qualification; and

(c) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category D: seven years

Category E: six years

Category F: five years

Category G: four years

**(2) Post of Deputy Principal**

**Any secondary school,** the Clinic School Potgietersrus, special school and any post of teacher attached to an educational ancillary service graded equal to a post of deputy principal (secondary school) —

(a) an approved bachelor's degree;

(b) a recognized professional teaching qualification; and

(c) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

**(3) Post of Deputy Principal in the technical field of study**

(a) an approved bachelor's degree;

(b) a recognized professional teaching qualification; or

(c) an appropriate qualification for classification into Category E; and

(d) the following actual teaching experience according to category classification:—

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

**(4) Post of Deputy Principal: Primary School**

Any primary school and any school graded as such, and any post of teacher attached to an educational ancillary service graded equal to a post of deputy principal (primary school) —

(a) qualifications required for classification into Category C including a recognized professional teaching qualification; and

(b) the following actual teaching experience according to category classification:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

**E — Pos van Departementshoof (Onderwyskollege)**

**Minimum vereistes**

(a) (i) 'n goedgekeurde meestersgraad; en

(ii) 'n erkende professionele onderwysdiploma; of

(b) in hoogs uitsonderlike omstandighede in sekere praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende onderwysdiploma insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie F vereis word.

(c) Minimum onderwyservaring:—

Kategorie F: vyf jaar

Kategorie G: vier jaar

**F — Pos van Mede-departementshoof (Onderwyskollege)**

**Minimum vereistes**

(a) (i) 'n goedgekeurde toepaslike honneursgraad maar in Opvoedkunde minstens 'n meestersgraad; en

(ii) 'n erkende professionele onderwysdiploma; of

(b) in hoogs uitsonderlike omstandighede in sekere praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende onderwysdiploma insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie E vereis word.

(c) Minimum onderwyservaring:—

Kategorie E: ses jaar

Kategorie F: vyf jaar

Kategorie G: vier jaar

**G — Pos van Departementshoof (Skole)**

**(1) Sekondêre skole**

(a) (i) 'n Kategorie D-indeling wat 'n erkende onderwyskwalifikasie insluit met minstens een vak van die studierigting/rigting/fase/afdeling/komponent op tweedejaar-universiteitsvlak of kwalifikasies wat daaraan gelyk gestel kan word;

of

(ii) 'n Kategorie D-indeling wat minstens 'n Nasionale Tegniese Diploma of 'n goedgekeurde gelykwaardige kwalifikasie plus 'n vakleerlingskap plus 'n goedgekeurde professionele onderwyskwalifikasie insluit;

of

(iii) 'n Kategorie D-indeling wat in die geval van Tegniese Tekene minstens 'n Nasionale Tegniese Diploma of 'n goedgekeurde gelykwaardige kwalifikasie ('n slaag in Tegniese Tekene of verwante tekene-vak op T2-vlak is 'n vereiste) insluit, plus 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;

of

(iv) 'n Kategorie D-indeling wat in die geval van Instrumentale Musiek minstens twee goedgekeurde Onderwyslisensiate in instrumente insluit of goedgekeurde kwalifikasies wat daaraan gelykgestel kan word;

of

(v) in die geval van Ballet, balletkwalifikasies wat as Kategorie D ingedeel is, wat 'n erkende professionele Onderwyskwalifikasie insluit.

(b) Vir Departementshoof Opvoedkundige Leiding word bepaalde persoonseienskappe vereis wat die onderwyser in die besonder toerus vir dié gespesialiseerde taak.

**(2) Primêre en Preprimêre skole**

'n Kategorie C-indeling wat 'n erkende professionale kwalifikasie insluit.

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

**E — Post of Head of Department (College of Education)**

**Minimum requirements**

(a) (i) An approved master's degree; and

(ii) a recognized professional teaching diploma; or

(b) in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study recognized appropriate qualifications, including a recognized teacher's diploma, which are required for classification into at least Category F.

(c) Minimum teaching experience:—

Category F: five years

Category G: four years

**F — Post of Associate-Head of Department (College of Education)**

**Minimum requirements**

(a) (i) An approved appropriate honour's degree — but in Education at least a master's degree.

(ii) A recognized professional teaching diploma; or

(b) in highly exceptional circumstances in specific practical courses recognized appropriate qualifications, including a recognized teaching diploma, for classification into at least Category E.

(c) Minimum teaching experience:—

Category E: six years

Category F: five years

Category G: four years

**G — Post of Head of Department (Schools)**

**(1) Secondary schools**

(a) (i) A Category D classification, including a recognized teaching qualification, with at least one subject of the field/line of study/phase/section/component at second-year university level or equivalent qualifications;

or

(ii) a Category D classification, including at least a National Technical Diploma, or an approved equivalent qualification plus an apprenticeship plus an approved professional teaching qualification;

or

(iii) a Category D classification, including in the case of Technical Drawing at least a National Technical Diploma or an approved equivalent qualification (a pass in Technical Drawing or related drawing subject at T2 level is a requirement) plus a recognized professional teaching qualification;

or

(iv) a Category D classification, including in the case of Instrumental Music at least two approved Teachers' Licenciates in instruments or approved equivalent qualifications;

or

(v) in the case of Ballet, ballet qualifications classified as Category D which includes a recognized teaching qualification.

(b) The post of Head of Department Educational Guidance requires certain personal qualities that particularly equip the teacher for this specialized task.

**(2) Primary and Pre-primary schools**

A Category C classification including a recognized professional qualification.

**(3) Spesiale skole**

Soos vir sekondêre skole.

**Minimum aantal jare werklike onderwyservaring:**

**(1) Sekondêre skole**

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

**(2) Primêre en Preprimêre skole**

Kategorie C: ses jaar

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

**(3) Spesiale skole**

Soos vir sekondêre skole.

**H — Pos van Senior Dosent (Onderwyskollege)**

**Minimum vereistes**

(a) (i) 'n goedgekeurde toepaslike honneursgraad maar in Opvoedkunde minstens 'n meestersgraad en

(ii) 'n erkende professionele onderwysdiploma of

(b) in hoogs uitsonderlike omstandighede in sekere praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende onderwysdiploma insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie E vereis word.

(c) Minimum onderwyservaring

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

**I — Pos van Dosent (Onderwyskollege)**

**Minimum vereistes**

(a) (i) 'n goedgekeurde graad; en

(ii) 'n erkende professionele onderwysdiploma of

(b) in hoogs uitsonderlike omstandighede in sekere praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende onderwysdiploma insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie D vereis word.

(c) Minimum onderwyservaring

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

Die poste van senior dosent en dosent is uiteraard omruilbaar. Applikante wat aan die voorgeskrewe vereistes ten opsigte van onderwyservaring en kwalifikasies voldoen, kan in die geval van bewese buitengewone prestasies deur die Direkteur van Onderwys oorweeg word vir aanstelling as senior dosent.

**J — Pos vir Onderwyser: Hulpklas**

'n Erkende professionele onderwyskwalifikasie;

**of**

ander kwalifikasies wat erken word;

**en**

(i) 'n erkende diploma in minimale breindisfunksie; en

(ii) minstens 3 jaar ervaring in junior werk.

**K — Alle Ander Poste**

(i) 'n Erkende toepaslike professionele onderwyskwalifikasie; of

**(3) Special schools**

As for secondary schools.

**Minimum experience required (number of years' actual teaching experience):**

**(1) Secondary schools**

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years.

**(2) Primary schools**

Category C: six years

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

**(3) Special schools**

As for secondary schools.

**H — Post of Senior Lecturer (College of Education)**

**Minimum requirements**

(a) (i) An approved appropriate honour's degree — but in Education at least a master's degree.

(ii) A recognized professional teaching diploma; or

(b) in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study recognized appropriate qualifications, including a recognized teaching qualification, which are required for classification into at least Category E.

(c) Minimum teaching experience

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

**I — Post of Lecturer (College of Education)**

**Minimum requirements**

(a) (i) An approved degree;

(ii) A recognized professional teaching diploma; or

(b) in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study recognized appropriate qualifications, including a recognized teaching qualification, which are required for classification into at least Category D.

(c) Minimum teaching experience

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

The posts of senior lecturer and lecturer are interchangeable. Applicants who comply with the prescribed teaching experience and qualifications may in the case of proven extra-ordinary achievements be considered by the Director of Education for appointment as a senior lecturer.

**J — Post of Teacher: Aid Class**

A recognized professional teaching qualification;

**or**

other recognized qualifications;

**and**

(i) a recognized diploma in minimal brain disfunction; and

(ii) at least 3 years' experience in junior work.

**K — All Other Posts**

(i) A recognized appropriate professional teaching qualification; or

(ii) ander toepaslike kwalifikasies wat erken word.

**14. Waardebepaling van kwalifikasie vir aanstelling as 'n onderwyser**

(1)(a) Vir die doel om die waarde van kwalifikasies vir 'n aanstelling as onderwyser te bepaal met die oog daarop om die salaris betaalbaar aan 'n onderwyser vas te stel, word elke onderwyser in een van die volgende kategorieë ingedeel en die kategorie waarin hy ingedeel word, hang, behoudens die bepalings van subparagraaf (2), af van die erkende en werklike minimum getal voorgeskrewe voltydse professionele of akademiese studiejare aan 'n goedgekeurde universiteit of opleidingsinrigting na verwerwing van die standerd 10-sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie:—

Kategorie A: 'n tydperk korter as die in Kategorie B genoem

Kategorie B: twee jaar

Kategorie C: drie jaar

Kategorie D: vier jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: ses jaar.

Kategorie G: 'n Lid van die onderwyspersoneel moet, aanvullend tot die vereistes vir indeling by Kategorie F, oor 'n verdere erkende graadkwalifikasie beskik om by kategorie G ingedeel te word, mits hy terselfdertyd oor minstens 'n erkende M-graad beskik: met dien verstande dat die vereiste van 'n M-graad nie van toepassing is nie op —

(i) dienende personeel op 31 Desember 1978 wat op 1 Januarie 1979 nog in diens was en wat ooreenkomstig die voorhersiene maatreëls reeds by kategorie G ingedeel is; en

(ii) personeel/studente wat tans met studie besig is met die oog op die verwerwing van 'n kwalifikasie vir indeling by kategorie G ooreenkomstig die voorhersiene maatreëls of met wie daar reeds voor 1 Januarie 1979 'n opleidingsverbintenis in die verband aangegaan is of aangegaan sal word.

(b) Die datum van inwerkingtreding van die kategorie-indeling is die dag waarop die onderwyser aan die finale vereiste vir die kwalifikasie of kwalifikasies waarvan die waarde ingevolge subparagraaf (1)(a) bepaal is, voldoen het.

(2)(a) Waar 'n onderwyser akademiese kwalifikasies verwerf waarvan die kursusse nie voldoen aan die vereistes deur die Direkteur voorgeskryf vir goedgekeurde akademiese kwalifikasies nie, word sodanige onderwyser se kwalifikasies ingedeel 'n kategorie laer as wat die geval sou wees indien sodanige kwalifikasies aan die voorgeskrewe vereiste voldoen het.

(b) Waar 'n onderwyser 'n nagraadse akademiese kwalifikasie verwerf wat volg op akademiese kwalifikasies wat nie voldoen aan die vereistes deur die Direkteur voorgeskryf nie, word aan sodanige onderwyser geen verdere erkenning vir sodanige nagraadse akademiese kwalifikasie verleen nie.

(c) 'n Onderwyser wat kwalifikasies verwerf wat hom op indeling in 'n hoër kategorie geregtig maak, word geag sodanige kwalifikasies op die datum van sy indienstreding by die Departement te verwerf het; met dien verstande dat hy 'n salaris ooreenkomstig die hoër kategorie ontvang vanaf die dag waarop hy aan die finale vereistes vir sodanige kwalifikasies voldoen het.

**15. Bepaling van aanvangsalaris van 'n onderwyser binne enige toepaslike salarisskaal**

(1) 'n Onderwyser wat in die diens van die Departement tree en wat geen erkende onderwys- of ander ondervinding het nie, ontvang 'n salaris binne die toepaslike salarisskaal en ooreenkomstig die graad van pos in paragraaf 13 genoem, waarin hy aangestel is en die kwalifikasies wat hy besit waarna in paragraaf 14 verwys word.

(2) 'n Onderwyser wat in diens van die Departement tree en wat erkende onderwys- of ander ondervinding besit, ontvang, behoudens die bepalings van artikel 81 van die Ordonnansie, 'n salaris binne die toepaslike salarisskaal en ooreenkomstig die graad van pos in paragraaf 13 genoem, waarin hy aangestel is en die kwalifikasies wat hy besit waarna in paragraaf 14 verwys word.

(3)(a) Die salaris van 'n onderwyser wat alreeds in diens van die Departement is, in 'n pos waarop die salarisskaal van toepassing is soos vir 'n onderwyser genoem by vlak 1 van subparagraaf (4), en wat aangestel word in 'n pos waarop 'n hoër salarisskaal van toepassing is, word eers bepaal soos by eerste aanstelling in 'n toetreepos (die posvlak/onderwyser) en daarna verhoog met 'n getal kerwe wat numeriek met die salariswysiging soos in paragraaf (4) van die pos ooreenstem; met dien verstande dat 'n salariswins van minstens een salariskerf aan 'n kandidaat toegestaan word en met dien verstande voorts dan enige salaris aldus bepaal, nie minder is nie as die minimum van die skaal en nie die maksimum van die toepaslike salarisskaal oorskry nie.

(ii) other recognized appropriate qualifications.

**14. Evaluation of qualifications for appointment as a teacher**

(1)(a) In order to determine the salary payable to a teacher, the qualifications of every teacher are evaluated when the teacher is appointed and classified into one of the following categories, and the category into which he is put shall, subject to the provisions of subparagraph (2), depend on the recognized and actual minimum number of prescribed full-time professional or academic years of study at an approved university or training institution after the attainment of a Standard 10 certificate or equivalent qualification:—

Category A: a period shorter than that referred to in Category B

Category B: two years

Category C: three years

Category D: four years

Category E: five years

Category F: six years

Category G: For qualifications to be classified as Category G, a member of the education staff must, in addition to the requirements for classification into Category F, be in possession of a further degree provided that at the same time he/she is in possession of a master's degree — with the proviso that a master's degree is not required of —

(i) staff in service on 31 December 1978 who were still in service on 1 January 1979 and who, according to the pre-revised measures, are already classified in Category G: and

